

Inleiding

Alhoewel Petrus Kriel se standpunte oor 'n verskeidenheid van sake goed bekend is aan die sinode, Petrus doen immers die moeite om sy opinie in detail neer te skryf en te versprei, het die onlangse stuk wat saam met die Verskil versprei is ons diep teleurgesteld gelaat. Ons is nie oortuig dat Petrus se opmerkings teken dra van die waarde dat ons na mekaar moet luister, dat ons mekaar se integriteit in kerklike debatte sal vertrou, of dat ons sal probeer om ander se standpunte so getrou moontlik weer te gee nie.

Om mekaar se integriteit te vertrou

Petrus verwys 26 keer na die sogenaamde “geestelikes” in sy brief. “Geestelikheid” kan natuurlik beide 'n positiewe en 'n negatiewe konnotasie hê, maar in hierdie geval is dit duidelik negatief. Dit herinner aan 'n era in ons kerklike gesprek waar ons mekaar in kampe in gejaag het as “fundamentaliste”, “liberaliste” of verskeie ander benaminge. Ons moes in die kerk leer dat om so te etiketteer die gesonde onderskeidende gesprek wat ons saam voer ondergrawe. Wanneer hierdie etikette nog boonop etikette is wat op ander afgedwing word sonder dat hulle hulleself so sal beskryf, dan raak gesprek byna onmoontlik. Mag dit nie vir een oomblik die gees wees waarin ons in Junie maand bymekaar gaan kom nie.

Maar meer as etikette is ter sprake. Ons het in die afgelope jare in die kerk gereeld onself verbind om mekaar se integriteit te vertrou in ons gesprekke met mekaar. Ons glo dit beteken dat ons vashou aan die oortuiging dat ander wat aan ons gesprekke deelneem die kerk net so lief het as ons, en net so ernstig is daarvoor om te soek na God se wil as ons. Met dit as agtergrond maak Petrus se brief baie ernstige aantygings, beskuldigings wat nie ligtelik gemaak moet word nie en waarvoor verantwoordelikheid geneem moet word.

Alhoewel die woord “dwaalleer” gelukkig nooit gebruik word nie, wil dit tog voorkom asof Petrus eintlik impliseer dat die dele van die kerk met wie hy verskil aan leerdwalings skuldig is, dat hulle met 'n ander verlossingsleer sou werk as die verlossing deur Christus en dat hulle 'n politieke teorie (liberale demokrasie) hoër ag as die Woord van God.

Natuurlik het ons ruimte vir wedersydse kritiek in die NG Kerk, maar beskuldigings soos hierdie is nie vere wat ooit in die wind gegooi moet word nie. Indien Petrus wel oortuig is hiervan dan is dit tog iets wat hy die verantwoordelikheid het om gesprek oor oop te maak eerder as om publieke aantyginge te maak. Ons hoop dat Petrus hierdie beskuldigings eerder met die sinode se moderatuur en ons sinode se afgevaardigdes na die 2013 Algemene Sinode wat onderskeidelik die roetekaart vir kerkhereniging en die voorgestelde formulering van artikel 1 tydens hierdie vergadering met bykans 100% stemme goedgekeur het. Ons is oortuig dat so 'n gesprek die diep misverstande oor hierdie besluite sal opklaar.

Oor die uitbreiding van ons belydenisgrondslag

Ons weet natuurlik dat besluite van die kerk nooit in isolasie van mekaar staan nie. 'n Verskeidenheid van sake raak aan die proses rondom artikel 1: hoe ons dink oor die kerk as verband, hoe ons dink oor die rol van belydenisskrifte, hoe ons dink oor die eenheid van die kerk en hoe ons dink oor die NG Kerk se roeping in Suider Afrika, om maar net enkeles te noem. Alhoewel dit al by herhaling genoem is, bly dit belangrik om onself te herinner dat die wysiging van artikel 1 nie gedoen word vir enige ander kerk, ter wille van 'n proses rondom kerkhereniging of selfs uit 'n bloot strategiese oorweging vir die publieke getuienis van die NG Kerk nie. Dit word definitief nie gedoen uit 'n poging om 'n nuwe staatskerk te

vestig nie, daarvoor is Belhar se kritiek op die staat en die onreg wat in ons land gebeur buitendien te skerp. Al hierdie sake, buiten die hunkering na 'n staatskerk, sou sekerlik iewers in ons besluitneming vorendag kom, maar uiteindelik is die wysiging van ons belydenisgrondslag iets wat gekom het uit die roepstem van ons eie lidmate, van een van ons eie streeksinodes, en uiteindelik van die Algemene Sinode waarvan ons lid is.

Dit is ons lidmate en predikante, verskeie kerkvergaderings van ons verband, wat oor tyd tot die oortuiging gekom het dat die Belydenis van Belhar vir hulle 'n belydenisskrif is. Buiten vir die verskeie groepe en vergaderings wat hierdie besluit oor die afgelope jare na die tafel toe gebring het, sluit hierdie groep lidmate ook onder andere 'n belangrike deel van ons jonger lidmate in: proponente en predikante wat vanuit 'n diep geloofsoortuiging die Belydenis van Belhar tydens legitimasie as 'n belydenisskrif onderteken het. Hierdie proses gaan in die eerste plek oor hierdie lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge van die NG Kerk wat met hierdie diep geloofsoortuiging leef. Ons hoop dat dit in die gesprek vorentoe onthou sal word, en dat die sinode ook in ons eie onderskeiding nie verlei sal word om die besluit 'n ander agtergrond te gee as die een wat dit formeel na ons tafel toe gebring het nie. Ons hoop veral dat die hart van hierdie lidmate gehoor sal word.

Oor ons interpretasie van lidmate se intensies

Erediensbywoning in die NG Kerk is oor meer as die afgelope 3 dekades in die NG Kerk volgens kerkspieël hier rondom 35%. Om 'n georganiseerde wegblystem van 80% van lidmate te impliseer blyk niks anders te wees as om data opportunisties te misbruik om 'n bepaalde standpunt te ondersteun nie. Alhoewel heelwat meer navorsing hieroor nodig is, moet ons begin by die feit dat die meerderheid van 'n gemeente se amptelike lidmate nie by die kerk was tydens die stemgeleentheid nie. Indien 'n ander geleentheid as 'n Sondag oggend erediens gebruik is (wat nog altyd die tydstip was waarop die meeste van ons lidmate aan kerklike aktiwiteite deelgeneem het), dan daal hierdie persentasie waarskynlik nog verder. Die proses rondom die verandering van artikel 1 van die kerkorde het inderdaad 'n hoë vlak van verbintenis van lidmate gevra (hulle sou hulleself immers op hoogte moes bring van die kerkorde en belydenisskrifte, en moontlik nog van moontlike standpunte hieroor), en dit is waarskynlik 'n proses waaraan onder enige omstandighede slegs 'n klein persentasie van ons lidmate sal deelneem. Maar hierdie saak vra om verdere navorsing, en ons hoop dat beide Noordelike Sinode asook die Algemene Sinode die kerk sal dien deur taakspanne aan te wys wat verantwoordelike navorsing kan doen rondom hoe die proses in gemeentes afgeloop het. Ons is oortuig dat ten spyte van die uitkoms van die proses, hierdie navorsing ons baie oor ons sinode en oor die NG Kerk in die breë kan leer.

Oor Noordelike Sinode se eie prosesse

Petrus begin sy brief met die vooronderstelling dat die wysiging van die belydenisgrondslag reeds verwerp is. Buiten daarvoor dat daar al voorheen daarop gewys is dat verskillende moontlike roetes vorentoe bestaan, wil ons Petrus egter herinner daaraan dat Noordelike Sinode steeds 'n onafhanklike sinode bly, en dat ons stem nie bepaal word deur wat ander sinodes of gemeentes, nie eens die gemeentes in ons streek, gestem het nie. Ons hoop dat Petrus homself ook sal verbind aan die eie proses van onderskeiding van hierdie sinode, sonder om toe te laat dat ander prosesse wat parallel met hierdie sinode loop ons eie stem moet bepaal.

Ten Slotte

Ons moet darem afsluit deur met groot dankbaarheid kennis te neem van die groeiende konsensus in die kerk. Petrus se duidelike verwerping van die NG Kerk se rol in verhouding met apartheid, die

teologiese regverdiging daarvan en die ondersteuning van die staat, asook sy diep verbintenis tot kerkeenheid in hierdie brief, al sou ons dan nou ook oor baie aspekte hiervan verskil, is iets wat ons hoop gee dat daar tog 'n groeiende konsensus in die NG Kerk bestaan oor die foute uit ons verlede en oor waarheen God ons roep vir die toekoms.